

1 Februarie

Skriflesing: Miga 6:1-8  
Fokusgedeelte: Miga 6:9

### Ons God besit en vra absolute integriteit

Lees jy boeke (mitologieë) oor die afgode? Kom jy gou agter dat dié gode net so korrup en immoreel as hul skeppers was? Ons God, die God van die Bybel, is totaal anders. By Hom is daar geen skaduwee van sonde of duisternis nie. Ons God besit volkome integriteit. Net so wil God dat sy kinders mense van integriteit sal wees.

In ons Skrifgedeelte roep God die berge en heuwels op om getuies te wees van sy ewige trou, liefde en goedheid vir sy volk. Die berge en heuwels weet van die groot verlossing, hulp en gawes wat die Here konsekwent aan sy volk geskenk het.

Die berge en heuwels kan egter ook van die hartseer van God vertel. Heel dikwels was daar by die volk geen integriteit nie. Hulle het naas God ander gode aanbid. Hulle het offers vir God gebring, maar ook weduwees en wese verdruk. Die boek Miga is vol van die onreg wat die volk elke dag gepleeg het.

Waar sal sondige mense integriteit vind? Nie deur meer en groter slagoffers vir die Here te bring nie! Hoe klein het die volk nie van God gedink nie! Nee, harte moet beheers word deur die Heilige Gees. Ons moet deur die Gees reg, liefdevol, getrou en bedagsaam (fyngvoelig vir die wil van God) leef. Alleen as ons integriteit nastreef en daarin groei, 'n integriteit toon soos wat God besit, sal ons geseënd en gelukkig wees!

*Dr. Klasie Heystek (Emeritus)*